
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

JESUS IS GOD IN AKSIE

"….. hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was" (Hand.10:38).

Is God se Goddelike Genesing vir Almal? *Die boodskap van die Bybel is baie eenvoudig.*

Wanneer jy siek is, BEGEER GOD OM JOU TE GENEES. Voordat jy nie die volle oortuiging het dat dit GOD SE BEGEERTE IS DAT JY GESOND MOET WEES nie, sal daar altyd twyfel in jou hart hieroor bestaan. Solank twyfel bestaan, sal dit volkome geloof verhinder, en voordat geloof nie ten volle beoefen word nie - `n geloof sonder twyfel of vrae, sal jy dalk nooit genees word nie!

Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en `n beloner is van die wat Hom soek (Heb.11:6).

Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos `n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want diè mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie (Jak.1:6-7).

Die oomblik wanneer mense ten volle oortuig is, dat dit God se wil IS om te genees en dat dit NIE Sy WIL is dat hulle siek moet wees nie, ontvang hulle feitlik altyd hul genesing wanneer daar vir hulle gebid word, selfs voor die tyd. Hierdie kennis voorsien `n grondslag waarop volkome geloof en vertroue in God kan reageer.

Om op God se Woord te vertrou, is om te glo dat Hy dit wat Hy in Sy Woord belowe het sal doen! Dit is waaroor geloof gaan! Met ander woorde, geloof is om te glo dat God sal doen wat Hy gesê het dat Hy sal doen.

God is geen man dat Hy sou lieg nie, of `n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Num.23:19)

Geen enkele woord het onvervuld gebly van al die goeie woorde wat Hy ….. gespreek het nie.

Vir ewig, o Here, staan U woord vas in die hemele (Ps.119:89).

Toe sê die Here vir my: **"Jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring" (Jer.1:12).**

Die woord "volbring" beteken hier om te "doen", "uit te voer", te "eer en te waak daaroor ". Met Sy almag en gesag, staan God op Sy Woord om dit tot die fynste besonderheid te laat gebeur. GLO DIT en verwag veral dat dit sal gebeur!

Daar is absoluut geen rede om God en Sy Woord ooit in twyfel te trek nie. Ek het eenmaal gehoor dat daar gesê is: " Moenie aan God twyfel nie. As jy aan iets moet twyfel, TWYFEL AAN JOU TWYFEL, want dit is onbetroubaar, maar moet nooit God of Sy Woord in twyfel trek nie!"

Die bekende D. L. Moody het gesê: "*Is daar enige rede waarom jy nie geloof in God behoort te hê nie? Het God al een van Sy beloftes gebreek? Ek daag enige persoon uit om sy vinger te plaas op een enkele belofte wat God gemaak het en nie nagekom het nie. Satan is `n leuenaar. Jesus het so gesê. Ek kan die Bybel oopmaak en jou wys hoedat Satan vir die afgelope 6000 jaar, mense belieg het deur aan hulle te sê dat God se Woord nie waar is nie. Satan weerspreek God se Woord, en belowe die mens alles, maar verbreek elke belofte wat hy ooit gemaak het."*

In **Ex.15:26** verklaar God dat Hy die Geneser van Sy volk is deur te sê: **Ek is die Here wat jou gesond maak.** Hy het ongeveer 3 000 000 mense aangespreek **(Ex.12:37)**. Elkeen van hulle het God se Woord geglo. As God voorsiening gemaak het vir die genesing van Sy volk in die Ou Verbond, hoeveel te meer sal Hy nie Sy kinders van die Nuwe Verbond genees nie.

Hy het hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder Sy stamme was daar niemand wat struikel

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Jesus is God in aksie….)

nie **(Ps.105:37)** (Engels: and there were none feeble among His tribes.) Dink net, daar was NIE EEN SWAK PERSOON TUSSEN HULLE NIE. Stel jou voor, 3000 000 mense en nie een swakke of sieke onder hulle nie!

As dit waar was van Israel wat onder die wet van die Ou Testament was, is dit beslis toepasliker op ons wat deur die Lam van God verlos is en onder `n genadeverbond en God se goedertierenheid leef. Net so seker as WAT JY WEET DAT 2 plus 2 vier is, net so moet JY WEET dat GENESING VIR JOU IS.

GOD HET GEEN WITBROODJIES NIE.

God is geen aannemer van die persoon nie **(Hand.10:34)** As God se genesing vir almal is, SAL HY JOU GENEES.

Duisende mense verloor hul lewens in ons tyd as gevolg van siekte. Die mediese wetenskap het nuwe hoogte punte bereik in die voorsiening van groter wetenskaplike kennis, nuwe medikasie en metodes. Ten spyte hiervan wen siektes en kwale steeds veld. Die tragedie hiervan is dat onder hierdie duisende siekes, baie Christene is wat beïnvloed word deur leraars wat niks meer as menslike teologiese tradisies verkondig en geen werklike antwoorde kan gee nie. Hulle kan net hulpeloos toekyk, met niks meer as `n paar woorde van simpatie en bejammering , terwyl hulle die slagoffer verseker dat dit waarskynlik tog God se wil was. Dat alles vir die beste is en dat God vir hulle deur alles `n les wil leer. Hierdie Jobstroosters voeg dan by, dat dit waarskynlik God is wat jou tugtig, sodat jy deur dit alles nader aan Hom kan kom. Hulle sê dat dit Sy manier is om deur siekte in jou lewe te werk. Dit alles mag baie vroom en godsdienstig klink, en dit is waarom so baie mense dit vir soetkoek opeet, DIT IS EGTER NIE SKRIFTUURLIK NIE. Baie van die wat verkondig dat dit" God se wil is, dat ons siek moet wees", omdat God die siekte tot ons voordeel veroorsaak, het `n mediese skema, sodat wanneer God "`n siekte op hulle plaas", hulle die nodige finansiële hulpbronne het, om hulself te bevry van die siekte wat hulle glo, God se wil vir hulle is om te hê! Hoe skynheilig! Ek wil dat julle die situasie deeglik sal oordink om `n mediese dokter te konfronteer, as dit waar was dat God nie almal wil genees nie, of dat dit Hy is wat siekte op mense plaas om hulle `n les te leer, te tugtig of enige ander opgemaakte rede.

Dok James het gesê dat ons die volgende implikasies moet oordink, wanneer `n siek persoon by `n spreekkamer sou instap:

1. Is dit een van die persone wat God nie wil genees nie? As dit die geval is, hoe kon hy hom dan behandel en vir hom sê dat hy die probleem gediagnoseer het, en dat die medikasie wat hy voorgeskryf het die siekte sal genees? Hoe kon hy, `n gewone mens, verwag dat die behandeling van `n dokter die wil van God sal kan vervang?

2. Nog `n ander persoon kom na hom toe vir `n konsultasie, en miskien het God `n siekte op hom geplaas, of dit toegelaat! Hoe op aarde sou dit moontlik wees om enigiets daaraan te doen? Verder sal daar teen Sy wil gehandel word deur die betrokke persoon te probeer genees – dit geld ook vir enige dokter, spesialis of verpleegster! Hoe kan hulle seker wees watter persoon God gesond wil hê, en watter een Hy nie wil genees nie? Dok het gesê dat hy nooit as `n dokter sou gekwalifiseer het, as hy gedink het dat God nie AL die mense wou genees nie! Net soos die Groot Geneesheer, Jesus ALMAL genees het wat siek was.

Kan jy die dilemma sien wat sulke onskriftuurlike redenasies veroorsaak?

Dit is vir Christene net so onnodig om deur siekte nader aan God te kom, as om vir dieselfde rede te sondig! DIT IS ALTYD GOD SE WIL OM JOU TE GENEES – As Sy voorwaardes nagekom word, bv. om Sy bevele en wette na te kom.

Die enigste rede waarom 3 000 000 Israeliete gesond en sterk was , was omdat hulle op Sy bevele en wette gereageer het deur die Paasmaal te eet en uit Egipte te gaan en HULLE HET GEGLO WAT GOD GESê HET: "Ek is die Here wat jou gesond maak". Die enigste rede waarom so baie slagoffers van siekte vandag onder die Christene gevind word, is omdat HULLE NIE GLO WAT GOD Sê, en DOEN wat Hy beveel nie. Hulle weet dat God gesê het, "Ek is die Here wat jou gesond maak ". Hulle kan nie glo dat Hy bedoel het wat Hy gesê het, en het Sy, "EK IS" verander na "EK WAS". Ons is vandag God se Nuwe Verbondskinders, gewas in die Bloed van Sy Seun, Jesus Christus, en ons Verbond is gegrond op BETER BELOFTES, met `n BETER HOêPRIESTER deur `n BETER VERBOND **(Heb.8:6).**

As God genesing voorsien het vir Sy volk onder die Ou Testament, is dit dan nie logies dat genesing deel sal wees van Sy voorsiening vir Sy mense, onder die Nuwe Verbond nie.

God gee geestelike gawes aan Sy kerk en dit word in **1Kor.12 verse 4 – 10** beskryf. Tussen hierdie gawes is die gawe van genesing en van wonderwerke. Waarom sal God hierdie gawes aan ons gee as Hy nie almal wil genees nie, want Hy is geen aannemer van die persoon nie en is nie partydig nie **(Hand.10:34).**

Is dit nog God se wil om ALMAL wat vandag genesing nodig het te genees, net soos Hy in die verlede genees het? **EK IS die Here wat jou gesond maak(Ex.15:26).** Baie gewone gelowiges bid vir genesing, maar ontvang dit nie omdat hulle ongehoorsaam is aan die bevele van Jesus. Hy het gesê: **"En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?"(Luk.6:46). "As julle My liefhet, bewaar My gebooie. Hy wat My nie liefhet nie, bewaar My woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het"(Joh.14: 15 en 24).** Net voor Jesus opgevaar het na die hemel, het Hy Sy ontsagwekkende bevele in

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Jesus is God in aksie…)

Markus 16 vanaf vers 15 – 18 gegee: En Hy het vir hulle gesê**:" Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie;(die werke van die duiwel) OP SIEKES SAL HULLE DIE HANDE Lê, EN HULLE SAL GESOND WORD."** Wat Hy eintlik sê is, hy wat in die Here Jesus Christus glo, en gedoop is sal gered word. As hierdie eerste bevel nie nagekom word nie is veroordeling `n sekerheid. Dan sê Hy dat die gelowige met die Heilige Gees vervul moet word, wat bevestig word deur die spreek in tale. Die dissipels het Jesus se bevele aanvaar en daarvolgens gehandel. Volgens hierdie opdragte, is die besprinkeling van `n baba geheel en al onskriftuurlik. Babas kan nie glo of in tale spreek nie en daar is in die Bybel geen vermelding van babas wat gedoop is nie. Almal wat in die Here Jesus geglo het, het egter hul geloof bely en is gedoop. Naam gee (kinder doop) is NIE doop nie. My eerste vraag aan die tradisionele gelowige moet wees: "Het jy gedoen wat Jesus beveel het?" Indien nie, sê Jesus, **" tevergeefs vereer julle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas…"(Markus7:7&8).**

Die grootste struikelblok in baie van ons se geloof in hierdie dae, is die onsekerheid of dit God se wil is om ALMAL te genees.

Feitlik almal weet dat God party mense genees, maar die moderne teologie verhinder mense om werklik te verstaan wat die Bybel ons leer, nl. dat voorsiening gemaak is vir ALMAL se genesing.

Dit is onmoontlik om met vrymoedigheid en dankbaarheid, `n seën van God te ontvang as ons nie seker is of God dit vir ons wil gee nie. Ons kan God se seëninge ontvang slegs as ons Sy wil verstaan, vertrou en daarop reageer. "Dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het ".

Die Bybel bevat God se laaste Testament waarin Hy al Sy seëninge van verlossing verklaar. Aangesien dit Sy laaste, finale testament is, sal alles wat daarna bygevoeg is, bedrog wees. As genesing God se wil vir ons is, soos Sy Testament duidelik wys; sal ons Sy Testament verander, as ons sê dat Hy nie gewillig is om ALMAL te genees nie! Jesus is nie net ons Testateur wat gesterf het nie, maar Hy het weer opgestaan en is ook die Middelaar van daardie Testament. Hy sit aan die regterhand van God waar Hy vir ons intree.

JESUS WAS GOD IN AKSIE

Die beste manier om vas te stel wat God se wil is, is om die vier Evangelies te lees wat die leerstellings en werke van Jesus Christus bevat. JESUS WAS DIE VOLMAAKTE WIL VAN GOD IN AKSIE. Sy lewe was `n openbaring en `n manifestasie van die onveranderlike liefde en wil van God. Hy het letterlik die wil van God vir ons verpersoonlik.

Ons lees baie keer in die Evangelies, hoe baie siekes na Jesus gebring is .. En Hy het ALMAL genees. Hy het aan alle mense, die Wil van God geopenbaar en uitgeleef. Ons lees in **Heb. 10 verse 5 en 7:Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom ….."Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om U wil te doen, o God".**

Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het (Joh.6:38).

Alles wat Jesus gedoen het om in die behoeftes van die mens te voorsien, gedurende Sy vroeë bediening, was `n direkte openbaring van die volmaakte wil van God vir die mensdom. Die kerk kan nie langer vir siekes bid met die GELOOFS VERNIETIGENDE woorde: *"As dit U Wil is"* nie. Die boodskap wat in die vier Evangelies(Matt., Markus, Lukas en Joh.) geleer word, is een van VOLKOME GENESING vir gees, siel en liggaam, vir ALMAL wat na Hom gekom het met verwagting en geloof. As dit nie so was nie, hoe kan ons ooit in geloof bid vir die siekes?

Wanneer ons van mense lees wat hul genesing by Jesus gesoek het gedurende Sy aardse bediening, lees ons van slegs een persoon wat gebid het: "Here, as U wil, kan U my reinig ". Hy was die arme, ellendige melaatse wat nie geweet het wat die wil van Jesus was in verband met genesing nie. Die eerste ding wat Jesus gedoen het, was om sy onsekerheid te verwyder en reg te stel deur hom gerus te stel en te sê: **"Ek WIL, word gereinig!" (Matt.8:2)** En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig. Ons sien uit hierdie verslag dat dit nie meer: "as dit U WIL is" nie, wanneer dit kom by God se begeerte om te genees, want – DIT IS GOD SE WIL! Die melaatse in Mat.8:2 het gesê: As U WIL, kan U my genees. Jesus het geantwoord: EK WIL, en **Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid(Heb.13:8).**

Laat hierdie woorde, EK WIL, hierdie saak vir eens en altyd vir jou afhandel, want die optredes en woorde van Jesus het vir altyd bewys dat dit GOD SE WIL IS OM SIEKES TE GENEES. As dit Sy wil is om een te genees, dan is dit logies dat dit Sy Wil is om almal te genees. Dit is beslis nie Sy Wil dat ENIGEEN moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering(gered) moet kom volgens Sy belofte in **2Pet.3:9.** Dieselfde is van toepassing op Sy wil wanneer dit by genesing kom. Ons lees in Jak 5:14:

(Vervolg of Bl. 4)

"Is daar IEMAND siek onder julle?" IEMAND sluit MY en JOU in. Toe die mense deur giftige slange gepik is, het ALMAL geleef wat opgekyk het na die koperslang(Num.21:9). Vandag nog, ALMAL wat na Jesus, ons Verlosser en Geneser, kyk, is gered. Almal het verseker dieselfde geleentheid vir genesing deur die genade van God, in die voltooide werk op Golgota.

ELKEEN is gelyk wanneer dit by die voordele van die Versoening kom, en dit is waarom die Evangelies woorde soos, ELKEEN en ALMAL gebruik. Soms trek ouers een kind voor `n ander, maar God doen dit nie. Elkeen wat gehoorsaam is, en getrou is aan Sy voorwaardes, ontvang presies dieselfde. As ons, ons deel doen, God is altyd getrou om Syne te doen, sonder uitsondering. Die voordele van Golgota is vir jou. As God ALMAL vroeër dae genees het, en Hy steeds dieselfde is volgens **Heb.13:8**, sal Hy steeds vandag ALMAL genees – ALMAL wat na Hom vir genesing kom.

" **..... en groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle ALMAL gesond gemaak" (Matt.12:15).**

"Hulle het almal wat ongesteld was, na Hom gebring; en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar die soom van Sy kleed mag aanraak; en ALMAL wat dit aangeraak het, het gesond geword (Matt.14:35-36).

"En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het ALMAL gesond gemaak"(Luk.6:19).

"En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met `n woord uitgedrywe; en ALMAL wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ONS krankhede op Hom geneem en ONS siektes gedra " (Matt. 8:16-17).

Die vervulling van hierdie profesie deur Jesaja is vandag nog van toepassing. Jesus het ons krankhede en siektes gedra en genees vandag nog. Onthou altyd dat JY ingesluit is by die "ONS" van Mat.18:17 en God eer Sy verbond om aan te hou om ALMAL te genees wat siek en swak is, om sodoende Jesaja se profesie te vervul.

"Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie(Ps.89:35).

"En toe die son ondergaan, het almal HULLE siekes, MENSE met allerhande kwale, na Hom gebring, en Hy het EEN vir EEN van HULLE die hande opgelê en HULLE gesond gemaak"(Luk.4:40). GENESING WAS VIR ELKEEN in daardie dae, en Jesus die Geneser het nooit verander nie **(Heb.13:8).**

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is: Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank, 53730091667,
Kode: 220129

GOD'S WILL FOR HEALING

There has always been much deliberation concerning physical healing and God's will, even amongst Christians, and I really believe that it is because they have not read what God Himself says about it in His Word.

Nearly everyone you speak to will say that, either divine healing is not for today, or that God only heals some people. This is because modern theology has caused them to believe this, instead of what the Bible teaches and that is:

1. That He is **"the Lord that healeth thee" (Ex.15:26).**
2. That He still heals today, **"He is the same yesterday, today and forever" (Heb.13:8).**
3. That healing is for all… **"and healed all who were sick" (Math. 8:16).**

First you must believe that He CAN heal you and WANTS to heal you, and you can only do this when you are sure that it is His will to do so. There was a leper who came to Jesus to be healed, and he believed that Jesus COULD heal him, but was not sure whether is was His WILL to do so. When the leper approached Jesus in **Matt. 8:2-3** he said: **Lord , if thou wilt, thou canst make me clean. And Jesus put forth His hand, and touched him, saying, I will; be thou clean. And immediately his leprosy was cleansed.** Jesus established His will for healing, right then and there! He said "I will!" It is absolutely no good expecting to receive any promise or blessing from God if you are uncertain about whether or not He has actually promised it to you, because His fulfilled promises are evident in a life where there is certainty concerning His will. Faith in God is essential to receiving His promise. **Mark 6:5** tells us that Jesus could perform no miracles in Nazareth because of the peoples' doubt and unbelief. This same doubt and unbelief has continued throughout the centuries rendering God's Word powerless in many cases, because God honours faith.

If healing is contained in God's Word and we proclaim that healing is not for everyone, we would be twisting God's Word to suit ourselves! Let's discuss and consider from scratch whether or not it is God's will to heal, so that we can put a stop to faith-destroying prayers, such as "PLEASE HEAL ME, BUT ONLY IF IT IS YOUR WILL!" Our only reference for the discussion on divine healing is the Bible, God's Word, and it is our final authority on this subject.

There are certain given situations in the Bible where God's **PERFECT WILL** for His children prevails:

1. **In the Garden of Eden, before Adam sinned.** God created the garden according to His own plan and purpose. It was without any sickness, problems, lack or discord. It was in line with God's perfect will.

2. **When Jesus Christ was on the earth, He was doing the will of His Father. In fact He was God's perfect will in action and JESUS HEALED EVERYONE who came to Him!**

3. **The Lord's Prayer. Let Thy will be done on earth just as it is in heaven.** In heaven God's perfect will prevails. Jesus taught us in Matt. 6 how to pray that God's will be done here on earth as it is in heaven, and there is certainly no sickness in heaven. We can be assured therefore that it is not God's will for there to be sickness or pain here on earth.

4. **The acts of the Apostles – the early church.** Here we read about men who had been taught by Jesus to carry out all His commands, and they went about healing people and setting them free. They were executing God's will in obedience to Jesus' instructions!

We know that God's will does not change, because the Bible tells us: **"For I am the Lord, I change not…."** Malachi 3:6. What God desired for Adam, He desires for you and me. We read in **3 John verse 2: Beloved, I pray that you may prosper in all things and be in health, just as your soul prospers**. This was God's desire from the beginning of time, and today it is still His desire. Consider once again how Jesus taught His disciples to pray in **Matt. 6: 10: Let Your will be done on earth as it is in heaven.** As the body of Christ here on earth, surely we should pray according to the will of God!

Some people think that God is glorified through sickness, pain and suffering, but this is not true. Let us see what the Bible says about this.

Matt. 14: 14: And Jesus went forth, and saw a great multitude and was moved with compassion toward them, and He healed their sick.

Matt. 15: 30 and 31: And great multitudes came unto Him, having with them those that were lame, blind, dumb, maimed, and many others, and cast them down at Jesus' feet; and He healed them: Insomuch that the multitude wondered, when they saw the dumb to speak, the maimed to be whole, the lame to walk, and the blind to see: and they glorified the God of Israel.

So we see that God is not glorified in sickness but that God is glorified when the blind see and the lame walk! *When healing and deliverance take place in our midst, we glorify God.*

Right here and now let us consider Jesus who is the Author and Finisher of our faith according to **Heb. 12: 2**, bearing in mind that Jesus was the will of God in action**.** In **John 14: 9 and 10**, Jesus says to Phillip: **Don't you know Me, Phillip, even after I have been among you such a long time? Anyone who has seen Me has seen the Father. How can you say, Show us the Father? Don't you believe that I am in the Father and that the Father is in Me? The words I say to you are not just My own. Rather, it is the Father living in Me, who is doing His work.** So we see that Jesus states categorically that He does not speak of His own accord, but He speaks only that which the Father gives Him to speak. Jesus also states that His Father is doing His (the Father's) work through Him (Jesus), so we see that **everything Jesus did, must obviously have been the will of God.**

Jesus also states in **John 8: 28** that He does not do anything on His own but speaks just what the Father has taught Him: **Jesus was the extension of God here on earth -** His Son who allowed God's love to flow from God to man, so that men and women might come into a living relationship with Father God. **Jesus came specifically to do the will of God. He came to destroy the works of the devil (1John 3: 8).**

God sent Jesus to do what no man could do in order that the works of the devil (which include everything that has oppressed man through

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - God's will for healing)
sin.) would be destroyed. Nowhere in scripture do we find Jesus being kindly disposed towards sickness and disease – Jesus broke the power of sickness and disease, delivering everyone who came to Him for deliverance and healing **(Luke 4:18-19).**

Perhaps every now and again someone in your church is healed, but God's will for healing includes everyone. God's will has never been "*now and again or here and there"!* God has always desired to heal those who come to Him in faith and are obedient, hearing His Word and acting upon it.

In Jesus' earthly ministry, healing was always available to those who received Him, and He even commanded His disciples to preach the Kingdom of God and to heal the sick wherever they were received. The will of Jesus was always simple and clear – to remove sickness, disease and oppression. To set the captive free.

In the old covenant God said in **Ex. 23: 25 and 26: You must serve the Lord thy God, …I will take away sickness from among you, …I will give you a full life span**. God always keeps His Word, thereby proving that it is true, as we see in **Psalm 105: 37: He brought Israel forth, laden with silver and gold, and from among their tribes were no feeble among them.** Just imagine ± 3 million Israelites and not one sick among them! That is thrilling - we really serve a God who is FAITHFUL! Our excitement increases as we read His Word and He becomes more WONDERFUL to us!

It is so important that we trust God's Word, because through it we come to know His goodness and mercy, which is far above anything our human minds can understand! The Bible tells us that our earthly fathers who are sinners know how to give their children good gifts, how much more won't our Heavenly Father? God is so good that we are unable to grasp the reality of His wonderful grace which is His unmerited favour. Nothing we do can ever earn us our salvation, yet He has made it available to us once and for all by the death and resurrection of His only-begotten Son, Jesus. We just have to receive Him as Saviour by faith and follow Him in order to receive the benefits He purchased for us on the cross. The same applies to healing. Jesus' body was mutilated for us so that we, **"by His stripes" can be healed (Is. 53:5).** We are saved by His blood. Jesus, who is the Image of the Father, also said that He did not come to do His own will but that of the Father – everything He did was the will of the Father. God's will for you is to be made completely whole, however, every promise in the Bible has a condition attached to it, and we must comply with these conditions.

To receive your healing, you must be in agreement with the Word of God. You must agree with what God says. In order to do this you will have to put aside all the doubt and unbelief that Satan has fed your mind over the years! You will also have to throw overboard all man-made traditions and religious doctrines and see God's Word as your final authority. **<u>Your</u> healing is available to you because God wants you to be healed, and Jesus paid the price for you!** Faith says, God said it, I believe it, and that settles is!

According to the Bible, the devil cannot do anything to make God's commands and promises ineffective. The healing that Jesus purchased for us at Calvary is His wonderful promise to us! However, you and I can nullify His commands and promises, if we believe what man says rather than what the Lord Himself declares in His Word. The Bible says in **Matt. 15: 6: … Thus you nullify the Word of God for the sake of your tradition.** We read in verses **8 and 9: These people honour Me with their lips, but their hearts are far from Me. They worship Me in vain: their teachings are but rules made by man.**

God's Will is contained in His Word – the Bible! It is really not important what people say, but what is most important is what God has to say! The Bible tells us that the truth will make us free. **John 8:31-32 "If ye continue in My Word, then are ye My disciples indeed; ..and ye shall know the truth, and the truth shall make you free.."** It is not necessary to try and analyse or interpret God's Word, we should read and assimilate what His Word says, and then act upon it, after all it is the highest authority in heaven and on earth. Show by your actions that you really believe it is God's will to remove sickness from your midst: **"He** (God) **is not a man that He should lie (Num. 23:10).** And He declares in **Ex. 23:26: And I will remove sickness from your midst**, and He will do so, according to the promises in His Word.

In the Bible, we find what Jesus commanded His disciples to teach the believers, and from this we get a clear idea of what God expects from us. The teachings and commandments of Jesus still apply to you and me today, especially if we are born-again and His followers.

We have established that Jesus came to do the will of His Father and that the will of the Father was to destroy the works of the devil. When the sick came to Jesus, He healed each one without exception! Never do we read of Jesus telling anyone that God His Father had put a sickness on them for some or other reason. About 75% of the ministry of Jesus consisted of healing the sick, and it is still for today! Healing was God's will right from the beginning of time and God has revealed this in His Word. Let us confirm this truth, out of the mouths of three witnesses (2 Cor. 13: 1).

<u>witness</u>: Isaiah 53: 5: But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities: the chastisement of our peace was upon Him; and with His stripes we are healed.

<u>Second witness</u>: Matt. 8: 17: This was to fulfil what was spoken through the prophet Isaiah: He took up our diseases and carried our sicknesses.

<u>Third witness</u>: 1 Peter 2: 24: He himself bore our sins in His body on the cross, so that we may die to sins and live for righteousness; by His stripes you were healed.

The will of God was to destroy the works of the devil and this is what Jesus did. Jesus, throughout His early ministry, taught His disciples exactly what He wanted them to know and how He wanted them to act, and these instructions have not been rescinded. God's will and Word have never changed, and whatever we preach and do today must be in line with what Jesus taught His disciples to do when He was ministering here on earth. It is very important to remember that Jesus commanded us, as His disciples, to preach the gospel to ALL nations and to heal the sick! In fact these were His last instructions to us before He was taken up into heaven to sit at the right hand of the Father! **(Mark 16:15-18)**

God promises that His Word will deliver and heal us, and we must believe and accept this truth, and not allow Satan to deceive us with his lies. We must never allow the enemy to deceive us by causing us to doubt or making us believe that the Word of God concerning healing only applies to certain people, or for a certain time

(Continued on page 7)

period. God is no respecter of persons. I have a real problem with some people who pray for the sick and have the audacity to state that they are prepared to pray only for the special ones shown to them by God. They declare with a false air of humility that God has shown them only certain people that He wants to heal, and can therefore only pray for those "chosen by God" for prayer. This is totally unscriptural for the following reasons. Firstly, Jesus never said this to anyone who came to Him for prayer when He walked this earth, and He had the greatest healing ministry that has ever existed. Remember He was doing His Father's Will, and He never once declared to anyone who came to Him for healing, that His Father did not want to heal them. Secondly, God does not have favourites, and His desire has always been that everyone should be saved and healed. Can you imagine how His Father's heart must grieve when He hears these words being spoken to a sick person. T.B. Joshua of Nigeria often makes this statement, and this is one more reason to add to the list proving him to be a false prophet. God loves you, and He wants you to be saved and healed, never doubt this fact.

We must accept the fact that if we want to receive our healing we must not listen to Satan's lies which come in the form of questioning God's final authority and bringing doubt. We dare not juggle God's Word to accommodate any man-made doctrine, even if it is taught in our church! We must believe God's Word with all our heart, just as it is written!

Let us look at some verses of scripture so that we might understand that God wants to see everyone enjoying good health.

Mark 4: 23: Jesus went through Galilee teaching in their synagogues, preaching the good news of the Kingdom and HEALING EVERY DISEASE AND SICKNESS AMONG THE PEOPLE.

Matt. 4: 24: News about Him spread all over Syria, and people brought Him ALL who were ill with various diseases, those suffering severe pain, the demon possessed, the epileptics and the paralytics, and He healed them.

Do the Scriptures say that He healed only a few sick or special, select people? No, they brought all who were sick to Him, and He healed them! Hallelujah!

Jesus never once said to anyone: "You will just have to live with cancer, God is trying to teach you a lesson. Perhaps it will make you a better person," or "Don't worry, God will heal you one day!" or "You have to get your life in order before God will heal you!"

Sin is very serious in the eyes of God, and we must confess our sins in order to receive His forgiveness, however, God is merciful, and His grace is unlimited. We see this over and over again in our meetings. People desire to turn from their sin that separates them from God when they see His GOODNESS in action. They want to give themselves completely, offering everything on the altar to such a good God! We read in **Rom. 2:4** how the kindness of God leads men to repentance. It is really sad that some ministers of the Word, manage to convey such a distorted picture of His character to people who don't know the truth about Him. We so often hear these misguided teachers, **"blind leaders of the blind" (Matth.15:14),** relating that God is the source of sickness and pain which we must endure to make us stronger, and that healing is from the devil! What a gross twisting of the wonderful truth of God's Word! It is God who heals, and it is the devil who brings sickness, disease and destruction! **John 10: 10 says that the devil (the thief) has come to kill, rob and destroy, and that Jesus came to give us abundant life!**

Natural man cannot understand the things of God, and it is only when one becomes a child of God, by receiving Jesus as one's Personal Saviour, and thus becoming born-again of the Spirit of God, that the Holy Spirit makes the meaning of the Word clear, and one is able to understand the Father's wonderful compassion and mercy. This is why carnal man has always painted a distorted picture of God. It is now however, time for us, who are His children, to tell the world that He is a God of love. Doc. and I (Meg) have four beautiful children, and I do everything in my power to see that they receive the best that I can possibly give them, because I love them. Can you imagine our Heavenly Father, who loves us so much more than any earthly father or mother could ever love his children, wanting us to be sick, or putting sickness on us to teach us a lesson?! It must hurt our loving Father so much when we think such awful things about Him! God is a good God.

Reading **Matt. 8:16: When evening came, many who were demon possessed were brought to Him, and He drove out the spirits with a word and healed ALL the sick,** we see that Jesus healed ALL the sick! Now, if it was NOT God's will to heal all the sick, then surely Jesus would have been going against His Father's will by healing ALL the sick! Think of the leper who came to Jesus and said: **"Lord, if You are willing, You can make me clean." Then Jesus put out His hand and touched him, saying, "I am willing; be cleansed." And immediately his leprosy was cleansed (Matt.8:2-3).**

It is also unbelievable how some people interpret the scriptures to suit themselves. **Matt. 8: 16-1**7 says: **When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed all who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying: He Himself took our infirmities and bore our sicknesses."** The Bible says He took our infirmities and carried our diseases, yet people try and say that this verse is from the Old Testament and therefore doesn't apply to us today, and also that it refers to some "spiritual" disorder. How can this be when the Bible plainly says: *Infirmities and sicknesses?!* Verse 16 clearly shows that Jesus was busy healing the physically sick when Matthew was reminded of what Isaiah had prophesied. It is very clear to me that according to **Isaiah 53 verses 4 and 5, Jesus' body was beaten, bruised, and lashed, paying the price for our sickness and infirmities by His wounds.** Just as He paid the full price for our salvation, so also was the full price paid for our sickness and disease on the cross of Calvary.

Let us consider what **Matt. 9:35** says: **Jesus went through all the towns and villages, teaching in their synagogues, preaching the good news of the Kingdom and healing EVERY kind of sickness and disease.**

Is it not true that Jesus was busy doing God's will? Is it not also true that God's will is still the same today? This must be so because Jesus is the same yesterday, today and forever, according to the writer of the book of Hebrews, and if Jesus healed then,

He is still healing today!

Ons Is Aanvaar!

Jesus het ons verwerping verduur sodat ons Sy aanvaarding met die Vader kan kry.

Verwerping beteken eenvoudig 'n gevoel van onaanvaarding, of 'n gevoel dat alhoewel jy wil hê dat mense jou moet liefhê, niemand dit doen nie. Dit kan ook die begeerte wees om aan 'n groep te behoort waar jy uitgesluit voel – dit voel asof jy altyd 'n buitestaander is. Een rede waarom so baie mense vandag aan die probleem van verwerping ly is die vorm van ons gemeenskap en die druk daarvan, veral die wat die verbrokkeling van gesinslewe veroorsaak.

Wat is die teenoorgestelde van verwerping? Dit is aanvaarding. Ek lief die laaste gedeelte van **Ef.1:6**, waar staan: **"Hy (God) wat ons begenadig het in die Geliefde."** Jesus, God se ware en enigste Seun, was verwerp sodat ons, wie onwaardige rebelle was, Sy aanvaarding met die Vader kon hê. Die sekerste genesing vir ons probleme is om te glo dat Jesus ons verwerping gedra het sodat ons Sy aanvaarding met die Vader kon verkry.

God se familie is die beste familie. Daar is niks gelykstaande hieraan nie. Selfs as jou eie familie nie vir jou omgee nie – miskien het jou vader jou verwerp of jou moeder het nooit tyd vir jou gehad nie – tog wil God jou hê. Jy is aanvaar. Jy is die voorwerp van Sy spesiale sorg en liefde. Alles wat Hy in die heelal doen draai om jou.

Wanneer God sê dat jy aanvaar is, bedoel Hy nie dat jy net verdra word nie. Ons neem nooit te veel van sy tyd in beslag nie. Die enigste ding wat Hom ontstel is wanneer ons te lank weg bly. Hy stoot ons nie in 'n hoek en sê: "Wag, Ek is te besig. Ek het nie tyd vir jou nie.." Hy sê eerder: "Ek stel belang in jou. Ek wil jou hê. Jy is welkom. Kom binne.

Ek wag al 'n lang tyd vir jou."



UIT ONS KANTOOR

JY MAAK SAAK VIR GOD!

Wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, het Jesus ons skande verdra sodat ons Sy heerlikheid mag deel.

Heb. 12:2 noem Jesus die **"voleinder van ons geloof."** Dieselfde vers word in beide die " New International" en "New American Standard Bible" na Jesus verwys as die "voleinder" van ons geloof.

Ek wil jou bemoedig met hierdie woorde. Wat Jesus ook al begin, gaan Hy voltooi. As Hy iets in jou begin het, sal Hy dit voltooi. Dit is Sy getrouheid – nie ons intelligensie nie.

Heb.12:2 vervolg, deur te sê dat Jesus, **"wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het."**

Aan die kruis, het Jesus die skande verdra, maar dit het Hom nie afgeskrik nie. Vir die vreugde wat voor Hom was, het Hy die skande nie beskou as 'n waardige rede om weg te draai van Sy doel af nie. Wat was "die vreugde wat Hom voorgehou is?" Die vreugde om baie seuns tot saligheid te bring. Sodat ek en jy – en miljoene en miljoene andere soos ons – tot saligheid te bring, het Jesus Christus die skande van die kruis verdra.

Daar is geen vorm van dood meer skandelik as kruiseging nie. Dit is skandelik omdat dit die laagste vorm van straf is gereseveer vir die mees vernederendste kriminele. Dit is skandelik as gevolg van die manier waarin die dood plaasvind. Die Skrifte verklaar duidelik dat die Romeinse soldate al Jesus se klere van Hom weggevat het. Jesus het nakend, vir drie of meer ure, voor die oë van die mense, aan die kruis gehang. Mense het verby gestap en Hom gespot. Hoe sou jy in daardie situasie gevoel het? In 'n enkele woord: beskaamd. Jesus het die beskaamdheid verduur omdat Hy deur dit gesien het, dat Hy ons tot saligheid kon bring.

Dankie Jesus vir U werk aan die kruis. Ek verklaar dat Jesus die skande verdra het om baie seuns tot heerlikheid te bring. Vir die vreugde wat Hom voorgehou is, het Jesus my skande gedra sodat ek Sy heerlikheid kon deel.

Ons wil julle bemoedig met die sekerheid dat Jesus die voleinder van ons geloof is en dat ons daaraan kan vashou en weet Hy sal dit doen. Wees ook verseker van ons volgehoue gebede vir julle almal, Hy beantwoord elke gebed!

Baie dankie vir elkeen se liefde, gebede, voorsiening vir die bediening en jul daarwees vir ons. Sonder julle ondersteuning sou ons nie kon aangaan nie.

Meg en die Gebedspan